



Rietfluit familiebrief

Kersuitgawe 2008

2008 - die jaar van uitreik en omgee -saam is ons beter!

Seënwense vir elke lidmaat

Geagte Broer/Suster

Van ons as leraarsgesinne 'n groot dank vir al u betrokkeheid gedurende 2008 in die gemeente en vanuit die gemeente in die gemeenskap. Dankie dat u met die gawes wat God Drie-enig vir u gegee het, hier in Sy diens gestaan het en in Sy naam 'n verskil gemaak het.

Ons gebed is dat u oor die kerstyd 'n ruskansie sal geniet, sodat u met nuwe krag en ywer 'n nog groter verskil in mense se lewens tydens 2009 sal kan maak.

Mag u 'n uiters besonderse Christusfees saam met familie en vriende hê, en mag die Here sy seën oor u uitstort ten opsigte van 2009.

Seën in Christus



Die Leraarsgesinne




KINDER KERSGEBEDE

✚ Liewe Jesus, Dankie vir my baba boetie, maar ek het regtig eintlik vir 'n babahondjie gevra!

✚ Liewe Jesus, Stuur asseblief vir my 'n ponie. Ek het nog nooit voorheen vir iets gevra nie, u kan dit maar naslaan!

✚ Liewe Jesus, DANKIE VIR MY KAMER! Miskien sou Kaïn en Abel mekaar nie so doodgemaak het as hulle elkeen hulle eie kamer gehad het nie. Dit werk vir my en my broer!



Die wens van Die *Rietfluit Redaksie* is dat die vreugdes en hartseer van die afgelope jaar trapstene na geluk en voorspoed in 2009 sal wees.

Desember Program

- ♦ Son 7 Des – 9:00 Oggenddiens
- ♦ Son 14 Des – 9:00 Oggenddiens
- ♦ Dinsdag 16 Des – 8:00 Geloftediens (spesiale dankoffer vir Bybelverspreiding)
- ♦ Son 21 Des - 9:00 Oggenddiens
- ♦ Donderdag 25 Des - 8:00 Kersdiens (spesiale kersoffer Jakaranda Kinderhuis Huis 4)
- ♦ Son 28 Des - 9:00 Oggenddiens
- ♦ Woensdag 31 Des -18:00 Oujaarsdiens

God is **nóóit** doof vir sy kinders se roepstem nie. Hy luister met groot belangstelling en deernis na jou - selfs wanneer dit nie so voel nie. God is **altyd** betyds. Wanneer Hy jou nie antwoord nie, sê Hy waarskynlik vir jou "Wag! God se **antwoorde** is **perfek**. Ons liewe Vader antwoord ons nie altyd soos óns dink nie. Sy planne is dikwels verrassend anders as wat ons sou verwag. Hy 'n veel groter prentjie en weet Hy wat uiteindelik vir ons die beste sal wees.

Jy maak 'n verskil – Die vrou sluit af

Deur die inisiatief van Brenda Barnard en gewillige hande het Brood Vir Nood vanjaar 'n vrieskas ryker geword, die kombuis 'n linnekas bygekry en is vele kleiner en groter projekte aangepak en afgehandel. Sy kry dit maar net reg om alles seepglad te laat verloop en dan nog vir Danie Botha ook te kry om ons met woord en sang te bedien....

– en dit was behoorlik vir jou 'n “bediening”!

Met 'n pragkaartjie is elkeen wat finansieel en andersins tot die projekte van die Vrouebediening, na die 11 November-funksie uitgenooi. En ja, daar verras Brenda ons alweer om met lampie en al vir jou sitplek te soek – die einste lampie wat elkeen kon huistoe neem om tydens stiltetyd te laat brand. Dankie vir die wonderlike gedagte!

Ai, wat 'n besondere afsluiting wat met soveel sorg en liefde beplan is! Die smaaklik bereide eetgoed en die wonderlike samesyn sal vir lank 'n soete herinnering bly! Deur geur, kleur, die wonderklank van musiek deur Danie Botha, en die wete dat elkeen 'n verskil kan maak, sal hierdie jaar se boodskap bly: ”hou jou lig aan die brand, wees gereed, maar wees nie bevrees nie. Soms verras die vreugdeblomme langs die pad van die lewe ons, ander kere sukkel ons met die ongemaklike steiltes en met tye bid ons moeg en moedeloos dat Hy tog 'n koelte rus-boom vir ons siele sal gee. Dan is daar dié kere wanneer ons onseker en bang op 'n kruispad staan en wonder watter rigting nou eintlik rég is. Hy is daar om ons oor die sonskyn-heuwels van die lewe te neem, deur moeilike leegtes te lei en om elke vreemde kronkel op ons pad te vergesel. Juis daarom leef gelowiges makliker: ons leef met die seker wete dat ons onfeilbare Reisgids rég voor ons is.”

Liewe Vrou van Rietfontein-Suid - Jy kan ook met vertroue en sekerheid leef in dié wete dat die Lig jou vooruitgaan en jy jou lig ook kan laat skyn... wees gereed!

Hou jou geloofslig dag en nag aangeskakel, want so sal jy ervaar dat jy seker kan wees van die dinge waarop jy hoop en oortuig kan wees van die dinge wat jy nie kan sien nie. (Heb. 11:1)



Reisigersgebed

Liewe Vader, ek erken vandag dat ek dikwels probeer om sonder my geloofslig te leef.
Dis dan wanneer ek in die donker verdwaal,
my voet teen 'n klip stamp of bang my koers probeer vind.


Help my Here, om elke dag doelbewus te besluit om my oë op U gevestig te hou.

Help my om weg te kyk van die skadus agter my en op te kyk na U.

Help my, Here, om U blindelings te vertrou in dié wete dat U my pad ken en my veilig by die plek van ewige lig sal bring.




Laat ons juig
en bly wees
die Verlosser
is gebore






GERT & DALEEN MEYERS

*Welkom in NG Gemeente
Rietfontein-Suid*



ELAINE KRUYGER



CHRISTELL LAMMERTYN
& PETRA SLABBERT



BOSHOFF SLABBERT



DEON, SURIN, DEONNÉ, &
NATASIA VAN SCHALKWYK

Welkom aan ons nuwe intrekkers



FRANS, LIEZL, MELENIE, FRANCOIS & HANNETJIE SCHUTTE



AMANDA & MONIQUE NEL



*Mag elke nuwe intrekker hierdie Kerstyd as besondere Christusfees
ervaar!!*

**OORDENKING : Uit Dr Stephan Joubert se
Stiltetyd Bybel**

LEES Matteus 2: 1 – 23 Waar vind ek die Koning?

Die sterrekykers uit die ooste was manne van die daad. Daarom was hulle nie maar net tevrede met die wete dat daar 'n baie spesiale persoon iewers in Palestina gebore is nie. Hulle wou ook gaan kyk na hierdie nuwe aankomeling wat volgens hulle die koning van die Jode was. En waar gaan soek mens na 'n koninklike? Sekerlik tog in 'n paleis, nie waar nie? Daarom het hulle dadelik 'n draai by die paleis van koning Herodes die Grote in Jerusalem gaan maak.

Herodes was nie te opgewonde toe hierdie geleerdes by sy paleis opdaag met arms vol geskenke vir die nuwe Joodse koning nie. En soos Matteus vir ons vertel, het hy dan ook sy bes gedoen om hierdie bedreiging vir sy koningskap uit die pad te kry toe hy begin het om alle seuntjies in Betlehem onder die ouderdom van twee jaar te laat doodmaak.

Maar die vraag van die sterrekykers: “Waar is Hy wat as koning van die Jode gebore is?”, is nie deur Herodes se wrede daad stilgemaak nie. Tot vandag toe nog weerklink hulle vraag in ons ore. Maar nog belangriker: ons beskik vandag oor die regte antwoord op hulle vraag.

Die sterrekykers se studie van die hemelruim het hulle slegs vertel dat daar 'n nuwe *ster* op die horison verskyn het. En hierdie keer was dit nie 'n nuwe planeet of een of ander nuwe sterrekonstellasie nie. Dit was 'n Kind, 'n baie spesiale Kind wat alles op die aarde sou kom verander. En alhoewel hulle sterre niks meer as dit aan hulle verklap het nie, was hierdie bietjie kennis genoeg om die sterrekykers te beweeg om baie kilometers ver na Jerusalem toe te reis met geskenke in hulle arms en een vraag op hulle lippe: “Waar is die koning?”

Ons hoef gelukkig nie meer vandag na die sterre te kyk om agter te kom wie hierdie Koning is wat toe gebore is, of waar ons Hom kan vind nie. Die Bybel vertel vir ons dat sy Naam Jesus is. Hy is die Messias, die Seun van God. **En die beste nuus van alles: Hy laat Hom vind deur almal wat na Hom soek.** Daarom kan jy vandag ook met groot vrymoedigheid na Hom toe kom, want jy sal Hom vind.

Of liever: Hy sal jou vind! Hy het na ons toe gekom omdat ons so in ons sondes verdwaal het dat ons nooit op ons eie by God kan uitkom nie. Al wat jy moet doen om die Messias te vind, is om maar net Jesus se Naam aan te roep. Hy is slegs 'n gebed ver van jou af.

Mag u ook saam met ander christene in hierdie kerstyd bely: *Ek is een van die gelukkiges wat ook weet waar om die Koning van alle konings te vind: in die Bybel en op my knieë!*